# NEDERLANDSE GELOOFSBELYDENIS

ARTIKEL: 27

## DIE ALGEMENE CHRISTELIKE KERK

# DIE ALGEMENE CHRISTELIKE KERK



Ons glo en bely 'n enige katolieke of algemene kerk, 'n heilige vergadering van almal wat waarlik in Christus glo, wat almal hulle volle saligheid in Jesus Christus verwag en in sy bloed gewas is, geheilig en verseël deur die Heilige Gees.

Hierdie kerk wa[illegible] van die begin van die wêreld af en sal tot die einde daar we[illegible]nt Christus is 'n ewige Koni[illegible] nooit sonder onderdane kan wees nie.

En hierdie [illegible] kerk word deur God teen die woede van die hele wêreld bewaar, alh[illegible] dit soms 'n tyd lan[illegible] klein is en dit in die oë van die mense lyk asof dit tot niet gegaan het - s[illegible] Here vir Hom g[illegible] die gevaarlike tyd onder Agab sewe duisend mense bewaar het wat die [illegible]äl gekni[illegible]ie.

V[illegible] hierdie heili[illegible] of sekere [illegible]



verenig.

## Ons glo en bely 'n enige katolieke of algemene kerk,



Genesis 22:18: Al die nasies van die aarde sal wens om so geseënd te wees soos jou nageslag, omdat jy na my stem geluister het.

Jesaja 49:6: Hy het gesê: “Dit is nie genoeg dat Jy vir My 'n Dienskneg is om die stamme van Jakob op te rig nie, om dié wat bewaar gebly het van Israel, te laat terugkeer nie. Ek gee Jou as 'n lig vir nasies, sodat my heil sal strek tot aan die uiteindes van die aarde.”

Efesiërs 2:17-19: En Hy het vrede as goeie boodskap aan julle kom verkondig, aan julle wat ver was, en ook vrede aan diegene wat naby was. Want deur Hom het ons albei toegang tot die Vader deur een Gees. So is julle dan nie meer vreemdelinge en bywoners nie, maar julle is medeburgers van die heiliges, en lede van die huisgesin van God,

## Ons glo en bely 'n enige katolieke of algemene kerk, 'n heilige vergadering



Psalm 111:1: Halleluja! Ek wil die HERE prys met my hele hart,

Johannes 10:14-16: Ek is die goeie herder, en Ek ken my eie, en my eie ken My, net soos die Vader My ken en Ek die Vader ken. En Ek lê my lewe af vir die skape. Ek het ook ander skape wat nie van hierdie kraal is nie. Hulle moet Ek ook lei, en hulle sal na my stem luister, en daar sal een kudde wees, en een herder.

Efesiërs 4:3-6: en julle daarop toe te lê om die eenheid wat die Gees bewerk, te bewaar deur die band van vrede – een liggaam en een Gees, soos julle ook deur julle roeping tot een hoop geroep is: een Here, een geloof, een doop, een God en Vader van almal, wat oor almal en deur almal en in almal is.

Hebreërs 12:22-23: Nee, julle het aangekom by die berg Sion en die stad van die lewende God, by die hemelse Jerusalem en tienduisende engele, by die feestelike byeenkoms, en 'n gemeente van eersgeborenes wat opgeteken is in die hemele, en by God, die Regter van almal, en by die geeste van die regverdiges wat vervolmaak is,

Nederlandse Geloofsbelydenis — **DIE ALGEMENE CHRISTELIKE KERK** — Artikel: 27

Ons glo en bely 'n enige katolieke of algemene kerk, 'n heilige vergadering van almal wat waarlik in Christus glo, wat almal hulle volle saligheid in Jesus Christus verwag



Joël 2:32: Dan sal elkeen wat die Naam van die HERE aanroep, ontkom; want op die berg Sion en in Jerusalem sal daar ontvlugting wees, soos die HERE gesê het. Net hulle wat deur die HERE geroep word, sal vry wees.

Handelinge 2:21: Dan sal elkeen wat die Naam van die Here aanroep, verlos word.

Nederlandse Geloofsbelydenis DIE ALGEMENE CHRISTELIKE KERK Artikel: 27

Ons glo en bely 'n enige katolieke of algemene kerk, 'n heilige vergadering van almal wat waarlik in Christus glo, wat almal hulle volle saligheid in Jesus Christus verwag en in sy bloed gewas is, geheilig en verseël deur die Heilige Gees.



Efesiërs 1:13: In Hom is julle, toe julle die woord van die waarheid, die evangelie van julle verlossing, gehoor en tot geloof gekom het, verseël met die Heilige Gees, wat beloof is.

Efesiërs 4:30: En bedroef nie die Heilige Gees van God, deur wie julle met die oog op die dag van bevryding verseël is nie.

Nederlandse Geloofsbelydenis

# DIE ALGEMENE CHRISTELIKE KERK

Artikel: 27

Hierdie kerk was daar van die begin van die wêreld af en sal tot die einde daar wees, want Christus is 'n ewige Koning, wat nooit sonder onderdane kan wees nie.



2 Samuel 7:16: Ooreenkomstig al hierdie woorde en hierdie hele onthulling, presies so het Natan die boodskap aan Dawid oorgedra.

Psalm 89:37: Sy nageslag sal altyd daar wees en sy troon soos die son voor My,

Psalm 110:1-4: Dit is die uitspraak van die HERE vir my Heer: “Sit aan my regterhand totdat Ek jou vyande 'n voetbank vir jou voete maak.” Uit Sion stuur die HERE jou magtige septer: “Heers te midde van jou vyande! Jou volk bied hulleself gewillig aan op die dag van jou magsvertoon op die heilige berge. Uit die skoot van die daeraad het Ek Jou soos dou verwek.” Die HERE het 'n eed afgelê en Hy sal nie spyt wees nie: “Jy is priester vir altyd volgens die orde van Melgisedek.”

Matteus 28:18: Jesus het nader gekom en vir hulle gesê: “Aan My is gegee alle mag in die hemel en op die aarde."

Matteus 28:20: en hulle te leer om alles te onderhou wat Ek julle beveel het. En kyk, Ek is met julle al die dae, tot aan die voleinding van die tyd

Lukas 1:32-33: Hy sal magtig wees, en die Seun van die Allerhoogste genoem word. En die Here God sal aan Hom die troon van sy voorvader Dawid gee. Hy sal vir ewig oor die nageslag van Jakob regeer. Aan sy heerskappy sal daar geen einde kom nie.

Johannes 16:33: Dit het Ek vir julle gesê, sodat julle in My vrede mag vind. In die wêreld ervaar julle swaarkry; maar hou moed, Ek het reeds die wêreld oorwin.

En hierdie heilige kerk word deur God teen die woede van die hele wêreld bewaar,



Psalm 46:6: God is in haar midde, sy sal nie wankel nie. God sal haar help wanneer die oggend aanbreek.

Matteus 16:18: En Ek sê vir jou, jy is Petrus, en op hierdie rots sal Ek my kerk bou; en die poorte van Hades sal dit nie oorweldig nie.

**Hades:** Dit is voorgestel as 'n plek onder die aarde waarheen mense wat sterf, afdaal; Doderyk.

En hierdie heilige kerk word deur God teen die woede van die hele wêreld bewaar, alhoewel dit soms 'n tyd lank baie klein is en dit in die oë van die mense lyk asof dit tot niet gegaan het



Jesaja 1:9: As die HERE, Heerser oor alle magte, nie vir ons 'n klein oorblyfsel agtergelaat het nie – soos Sodom sou ons geword het, aan Gomorra sou ons gelyk gewees het.

Lukas 12:32: Moenie bang wees nie, klein kuddetjie, want julle Vader het dit goedgevind om die koninkryk aan julle te gee.

1 Petrus 3:20: Daardie geeste was destyds ongehoorsaam, toe God in Noag se dae geduldig bly wag het, terwyl die ark gebou is. In die ark is net 'n paar mense, altesaam agt, deur die vloedwaters heen gered.

Openbaring 11:7: Wanneer hulle hulle getuienis klaar gelewer het, sal die dier wat uit die onpeilbare diepte verrys, teen hulle oorlog maak, en die oorhand oor hulle kry, en hulle doodmaak.

En hierdie heilige kerk word deur God teen die woede van die hele wêreld bewaar, alhoewel dit soms 'n tyd lank baie klein is en dit in die oë van die mense lyk asof dit tot niet gegaan het - soos die Here vir Hom gedurende die gevaarlike tyd onder Agab sewe duisend mense bewaar het wat die voor Baäl gekniel het nie.



1 Konings 19:18: Maar Ek het in Israel seweduisend laat oorbly. Dit is al die knieë wat nie voor Baäl gebuig het nie en elke mond wat hom nie gesoen het nie."

Romeine 9:29: En soos Jesaja reeds gesê het: "As die HERE, Heerser oor alle magte, nie vir ons 'n nageslag laat oorbly het nie, sou ons soos Sodom geword het, en sou dit met ons soos met Gomorra gegaan het."

Romeine 11:4: Maar wat is God se antwoord aan hom? "Ek het vir My seweduisend mans laat oorbly wat nie hulle knie voor Baäl gebuig het nie."

## Nederlandse Geloofsbelydenis — DIE ALGEMENE CHRISTELIKE KERK — Artikel: 27

Verder is hierdie heilige kerk nie geleë in, gebonde aan of bepaal tot 'n sekere plek of sekere persone nie, maar dit is oor die hele wêreld versprei en verstrooi.



Matteus 23:8: Maar julle, julle moet julle nie as ‘rabbi’ laat aanspreek nie; want net Een is julle Leermeester, en julle is almal broers.

Lukas 17:21: Mense sal nie sê, ‘Kyk, hier is dit!’ of ‘Daar is dit!’ nie, want kyk, die koninkryk van God is in julle midde.

Johannes 4:21-24: Jesus sê vir haar: “Vrou, glo My, daar kom 'n tyd dat julle die Vader nóg op hierdie berg, nóg in Jerusalem sal aanbid. Julle aanbid dit wat julle nie verstaan nie; ons aanbid dit wat ons verstaan, want die verlossing kom uit die Jode. Daar kom egter 'n tyd, en dit is nou, dat die ware aanbidders die Vader in gees en waarheid sal aanbid, want die Vader wil juis sulke aanbidders hê. God is Gees, en wie Hom aanbid, moet in gees en waarheid aanbid."

Romeine 10:12-13: Dit maak inderdaad geen verskil of jy 'n Jood of 'n Griek is nie. Ons het almal dieselfde Here, en Hy deel sy rykdom uit aan almal wat Hom aanroep. Want “elkeen wat die Naam van die Here aanroep, sal verlos word.”

Tog is dit met hart en wil en deur die krag van die geloof in een en dieselfde Gees saamgevoeg en verenig.



Psalm 119:63: Ek is 'n vriend van almal wat vir U ontsag het, en u opdragte nakom.

Handelinge 4:32: Die menigte wat gelowig geword het, was een van hart en siel, en niemand het na enige van sy besittings as sy eie verwys nie, maar hulle het alles gemeenskaplik besit.

Efesiërs 4:4: een liggaam en een Gees, soos julle ook deur julle roeping tot een hoop geroep is:

Ons glo en bely 'n enige katolieke of algemene kerk, 'n heilige vergadering van almal wat waarlik in Christus glo, wat almal hulle volle saligheid in Jesus Christus verwag en in sy bloed gewas is, geheilig en verseël deur die Heilige Gees.

Hierdie kerk was daar van die begin van die wêreld af en sal tot die einde daar wees, want Christus is 'n ewige Koning, wat nooit sonder onderdane kan wees nie.

En hierdie heilige kerk word deur God teen die woede van die hele wêreld bewaar, alhoewel dit soms 'n tyd lank baie klein is en dit in die oë van die mense lyk asof dit tot niet gegaan het - soos die Here vir Hom gedurende die gevaarlike tyd onder Agab sewe duisend mense bewaar het wat die voor Baäl gekniel het nie.

Verder is hierdie heilige kerk nie geleë in, gebonde aan of bepaal tot 'n sekere plek of sekere persone nie, maar dit is oor die hele wêreld versprei en verstrooi.

Tog is dit met hart en wil en deur die krag van die geloof in een en dieselfde Gees saamgevoeg en verenig.

Ons glo en bely 'n enige katolieke of algemene kerk[1], 'n heilige vergadering[2] van almal wat waarlik in Christus glo, wat almal hulle volle saligheid in Jesus Christus verwag[3] en in sy bloed gewas is, geheilig en verseël deur die Heilige Gees[4].
Hierdie kerk was daar van die begin van die wêreld af en sal tot die einde daar wees, want Christus is 'n ewige Koning, wat nooit sonder onderdane kan wees nie[5].
En hierdie heilige kerk word deur God teen die woede van die hele wêreld bewaar[6], alhoewel dit soms 'n tyd lank baie klein is en dit in die oë van die mense lyk asof dit tot niet gegaan het[7] - soos die Here vir Hom gedurende die gevaarlike tyd onder Agab sewe duisend mense bewaar het wat die voor Baäl gekniel het nie[8].
Verder is hierdie heilige kerk nie geleë in, gebonde aan of bepaal tot 'n sekere plek of sekere persone nie, maar dit is oor die hele wêreld versprei en verstrooi[9].
Tog is dit met hart en wil en deur die krag van die geloof in een en dieselfde Gees saamgevoeg en verenig[10].

1 Genesis 22:18; Jesaja 49:6; Efesiërs 2:17-19
2 Psalm 111:1; Johannes 10:14-16; Efesiërs 4:3-6; Hebreërs 12:22-23
3 Joël 2:32; Handelinge 2:21
4 Efesiërs 1:13; Efesiërs 4:30
5 2 Samuel 7:16; Psalm 89:37; Psalm 110:1-4; Matteus 28:18; Matteus 28:20; Lukas 1:32-33; Johannes 16:33
6 Psalm 46:6; Matteus 16:18
7 Jesaja 1:9; Lukas 12:32; 1 Petrus 3:20; Openbaring 11:7
8 1 Konings 19:18; Romeine 9:29; Romeine 11:4
9 Matteus 23:8; Lukas 17:21; Johannes 4:21-24; Romeine 10:12-13
10 Psalm 119:63; Handelinge 4:32; Efesiërs 4:4